| Die plig om te vergewe | Sleutel #7 |
|---|---|

# SLEUTEL 7 – VERGIFNIS

Verlede week is ons uitgedaag om nie ons vyande te haat nie, maar hul juis lief te hê. Lief te hê, met 'n liefde wat slegs God vir ons kan gee. Om ons vyande lief te hê, is as te ware teen die *menslike natuur*, maar dit is 100% in lyn met die *Christelike natuur.* Saam met hierdie liefde vir die vyand kom die vraag: "hoe kry ek dit reg om my vyand lief te hê?". Alhoewel daar sekerlik talle antwoorde op hierdie vraag is, blyk dit tog of één van dié antwoorde uitstaan. Vergifnis. Is liefde vir die vyand enigsins moontlik sonder vergifnis? Dis debatteerbaar, maar ek dink nie so nie. Ons ken almal die opdrag: "vergeef-en-vergeet". Kom ons maak dit sommer hier al duidelik dat ""vergeef-en-vergeet" nie 'n Bybelse konsep is nie – dit is maar net 'n idioom waarmee ons groot geraak het. *Vergifnis* is wel 'n Bybels konsep. Inteendeel, dit is Goddelik. Een van die kerkvaders het gesê dat ons nooit die beeld van God so helder vertoon, as wanneer ons 'n onreg teenoor onsself volkome vergewe nie.

**Hoekom is dit belangrik dat ons ander vergewe? Daar is baie antwoorde, maar kom ons fokus vandag op twee.**

- **Ons waardeer eers wat ons ontvang, wanneer ons dit begin gee**

Die Bybel leer ons dat Jesus vir ons kom sterf het toe ons nog sondaars was. Die mees volmaakte bewys van God se liefde vir ons is aan ons geopenbaar terwyl ons nog vyande van God was. God het baie duidelik Sy vyande lief, nê?! Deur Jesus se kruisdood en opstanding is ons van die greep van die sonde bevry – ons is vergewe. Hierdie vergifnis is so nie-menslik, groot, ryk en onverstaanbaar dat ons sukkel om daarmee tot verhaal te kom. Vir ons is God se vergifnis vir ons 'n paragraaf op 'n bladsy van die Bybel en daar bly dit. Dit is eers wanneer ons die geleentheid kry om 'n andere te vergewe, dat die letters in die vergifnis-paragraaf uit die bladsy spring en in ons harte en koppe kom dans. Eers dan beleef ons die Goddelike van vergifnis. Juis vir hierdie rede is dit nodig dat ons vergewe. Deur iemand anders te vergewe beleef ons God se vergifnis vir ons baie meer intiem. Vergifnis tussen mens tot mens, gee lewe en ervaring aan vergifnis tussen God en mens.

- **Vergifnis maak vry**

Vir wie maak vergifnis vry? In die eerste plek – vir die een wat vergewe. Om iemand te vergewe is om 'n gevangene vry te laat… Deur iemand te vergewe, bewys ons liefde aan die vyand. Deur iemand te vergewe tree ons soos God op. Is dit nie ons grootste doel in die lewe nie? Om te lewe – meer en meer soos Hy. Wanneer ons iemand vergewe gee ons as te ware die seer gebeure en kwaad gevoelens aan die Here oor en vertrou Hom om dinge te hanteer. In so geval haal ons die las van die seer en kwaad van ons skouers af en gee dit vir die Here – Hy dra dit uit genade. Op hierdie wyse word ons bevry van die verwoestende greep wat die seer en haat op ons het. Om iemand te vergewe is om 'n gevangene vry te laat en dan te ontdek – JY was al die tyd die gevangene.

Onthou: vergifnis en liefde vir die vyand beteken geensins dat ons die sonde wat hulle doen goedkeur nie. God haat die *sonde*, maar Hy is lief vir die *sondaar*. Mag dit van my en jou ook waar wees!

**Vir 'n aangrypende video van vergifnis, gaan kyk na die volgende video op die internet:**

**http://vimeo.com/30569051**